
# REIS VAN GELOOF



Ruben Olschewsky

# Reis van Geloof

*Inleiding tot die twee Verbonde*

Ruben Olschewsky

Gedruk deur

MARANATHA
MEDIA

Mei 2020

© Maranatha Media, 2020
adrian@life-matters.org

# INHOUD

**Voorwoord** ........ **4**

**Inleiding** ........ **5**

**Beloftes** ........ **5**

**Die Belofte van God** ........ **12**

**Die Mens se Reaksie op die Belofte van God** ........ **18**

**Die Belofte van ons Erfenis** ........ **25**

**Die Nuwe Verbond** ........ **29**

# Beloftes, Beloftes.

## Voorwoord

Die onderwerp van die verbonde bring baie opinies na vore, veral met betrekking tot die betekenis van die “ou” en “nuwe” verbond. Baie mense glo die twee verbonde verteenwoordig twee verskillende bedelings of eras van die Evangelie, wat verdeel word deur die kruisiging van Jesus Christus. Gelowiges voor die kruis word beskou as “onder die wet” terwyl die gelowiges na die kruis “onder die genade” val.

Hierdie boekie bring ‘n Bybelse inleiding tot ‘n heeltemal ander begrip van die verbonde – as ‘n persoonlike ondervinding in ons Christelike groei, met ‘n ou verbond ondervinding wat lei tot ‘n nuwe verbond ondervinding. Die doel daarvan is om te wys dat die evangelie ‘n “ewige evangelie” is, “want aan ons [na die kruis] is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle [voor die kruis]” (Hebr 4:2).

Persoonlik glo ek dat die begrip van die verbonde ‘n allerbelangrike onderdeel is van die evangelie se belofte van geregtigheid vanuit die geloof.

# Inleiding

Die doel van die boekie is om ‘n eenvoudige beskrywing te gee van die mens se persoonlike interaksie met God. Daar is tye wat ons baie naby aan God leef, wanneer ons die vreugde vind van ‘n intieme verbintenis met ons Hemelse Vader en Sy eniggebore Seun. Ongelukkig, wanneer ons ons eie weg kies en ons afwend van God, ondervind ons die gevolge van die gebroke verbintenis met God, wat die gevolge is van ons eie keuses. God is altyd besig om ons dinge te leer, terwyl ons aanhoudend beweeg tussen hierdie twee ondervindings. Hy hoop dat ons Hom toelaat dat Hy Sy volmaakte karakter in ons ontwikkel.

Dit is ingewikkeld, want dit is vir ons moeilik om te onderskei tussen <u>wat is</u> God se wil vir ons lewens en <u>wat ons dink behoort</u> God se wil vir ons te wees. Is ons werklik besig om onsself te onderwerp aan God om Hom toe te laat om in ons te werk? Of probeer ons om Sy beloftes na te kom, op ‘n manier wat ons dink die beste is?

Hoe kan ons op die punt kom waar ons werklik soos Jesus kan sê:

> *“Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.” (Joh 5:30)*

Alle Christene het al gewonder of hulle werklik die wil van God vervul. Mag hierdie boekie ‘n seën vir jou wees en jou help om jou geloof die stempel van waarheid te gee.

# Beloftes

As kind, tydens my kinderjare, het ek baie teleurstellings teëgekom, as gevolg van beloftes wat mense aan my gemaak het, wat nie nagekom is nie. Miskien het so iets met jou ook al gebeur. Jou ma, jou pa, of iemand

naby aan jou belowe jou iets en hou nie by hul beloftes nie. Die teleurstelling steek by jou vas en die herinneringe veroorsaak wantroue; wantroue oor dié wat gesag oor jou dra, wantroue in dié wat naby jou is. So word ons indirek geleer om onsself te beskerm teen teleurstellings. Een manier hoe ek myself probeer beskerm het teen teleurstellings, was om dinge self te doen. Op die manier kon ek ten minste die vlak van teleurstelling beperk tot my eie onvermoë.

Kom ons kyk na die oorsprong van die gesin:

> *En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. Génesis 1:26*

Toe God aan Sy Seun gesê het, "Laat Ons mense maak na ons beeld" het Hy verwys na die verhouding tussen God en Sy Seun, wat sigbaar gemaak sou word op die aarde deur die huweliksverhouding tussen die Man en sy Vrou. Soos wat God die hoof van Christus is, so is die man die hoof van die vrou (1 Kor. 11:3). As die hoof, plaas God die seën op die een onder Hom, Christus, wat Hy gedoen het toe Hy gesê het, "Dit is my geliefde Seun in wie ek 'n welbehae het." (Matt. 3:17, Mark 1:11).

Adam moes op dieselfde wyse ook sorg en ondersteuning gee aan Eva. Die woorde van Adam moes 'n seën en aanmoediging wees aan Eva, en hul verhouding moes 'n duideliker openbaring aan die heelal wees van die beeld en heerlikheid van God. Die eerste woorde wat Adam aan Eva gesê het, is opgeteken in Génesis:

> *Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. Génesis 2:23.*

Al sal ons nie na hierdie woorde verwys as 'n "belofte" nie, spreek dit tog van 'n intimiteit tussen twee individue wat hulle saambind in 'n nou

verhouding van vertroue. Oorweeg die effek van hierdie woorde op die hart van Eva. Pragtige intimiteit, liefde en sorg. Met hierdie woorde het Adam aan sy vrou haar oorsprong bekend gemaak. Sy was uit hom; sy was ‘n deel van sy wese en sy was sy geliefde. As liefde sigbaar gemaak kon word in ‘n pragtige waas om hulle, sou dit ‘n lieflike prentjie wees! Die gevalle mensdom sukkel om die rein, onselfsugtige liefde, wat bestaan het voordat die siel besoedel is deur boosheid, te begryp.

Laat ons die versoeking en sondeval van die mensdom oorweeg, asook die effek daarvan op die verhouding tussen Adam en sy vrou. Deurdink dit asseblief deeglik. Eerstens wil ek ‘n baie basiese prentjie skilder van die Bybel se vertelling van die sondeval:

- Ons het reeds die skepping van die mens bespreek (Gen 1:26)
- God het die mens na sy eie beeld gemaak (Gen 1:27)
- God het die mens in Eden geplaas en sy dieet, sy werk verduidelik, hoe om te rus en wat dit alles behels. (Gen 1:29 – 2:15)

God het die mens ingelig omtrent Sy regering. God se regering, gemotiveer deur Liefde, kan nie afgedwing word met mag nie en moet daarom gebaseer word op vryheid van die gemoed. Dus het God aan die mens die vryheid gegee om ongehoorsaam te wees, wat bepaal dat hy ‘n vrye wil het. God het aan die mens verduidelik dat daar een boom in die Tuin was met ‘n spesiale naam, die “boom van kennis van goed en kwaad.” Hierdie boom het bepaal dat Adam en Eva die vryheid gegun is om vir hulself te besluit wat hulle wou doen; of hulle afhanklik van God wil wees deur sy leiding aan te neem en of hulle onafhanklik wou wees deur hul eie weg in te slaan. Sonder hierdie boom sou daar geen uitdrukking van vryheid van keuse wees nie, omdat daar geen geleentheid sou wees om ‘n keuse teen God se geopenbaarde wil uit te oefen nie. Adam en Eva is geskep met volmaakte karakters en daarom het hulle nie ons natuurlike gevalle begeertes gehad om te rebelleer nie. Hier sien ons hoe kwesbaar God Homself gemaak het in Sy skepping, want dit sou Hy wees wat uiteindelik die prys sou betaal het indien hulle sou kies om te rebelleer. (Gen 2:16,17).

Nog ‘n karakter tree toe tot die toneel; die slang, wat listiger was as al die diere. Die Slang is Satan wat homself so vermom. Hy het die slang oorheers en deur hom gepraat met die vrou wat op haar eie deur die tuin gewandel het en haarself voor die “boom van kennis van Goed en Kwaad” bevind het. Sy vrae is gerig op die kern van die verhouding wat God met Adam en Eva gevestig het. Die Slang vra:

> *Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? Genesis 3:1*

Hierdie vraag word onskuldig gestel en tog bevat dit die gif van wantroue. “Is dit ook so dat God gesê het…” is ‘n uitdrukking wat die woorde van God bevraagteken en twyfel saai.

Eva verduidelik wat sy verstaan wat God gesê het. Sy sê:

> *“Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe.” Genesis 3:2,3*

Die Slang se reaksie onthul sy eerste vraag se versteekte bedoeling. Let noukeurig op wat deur die Slang gespreek word:

> *“Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie.” (Génesis 3:4)*

Met hierdie woorde het die Slang die woorde van God teëgespreek en daardeur God tot leuenaar gemaak. God het aan Adam en Eva verduidelik dat hulle afhanklik was van Hom vir Lewe, daarom sal hulle lewe noodwendig beëindig word indien hulle hul sou afwend van hul bron van lewe, aangesien hulle geen lewe in hulself gehad het nie. (Gen 2:9, 16, 17).

Deur te sê dat hulle nie sou sterf nie, het die Slang die woorde van God verdraai en het gesinspeel daarop dat hulle nie aan natuurlike oorsake sou

sterf nie. As hulle sou sterf, sou dit wees omdat God self die lewe verwyder het; die lewe wat hulle nou geglo het hulle in hulself gehad het.

Adam en Eva het nou geglo het dat die oorsprong van hul lewe nie in God was nie, maar erens anders. Indien God se woord waar was ("die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.") sou dit beteken dat God hul lewens moes neem met brute krag, met ander woorde, God moes hulle doodmaak. Die leuen van die Slang het die mens gebring om die woorde van God te wantrou en het veroorsaak dat hulle Hom as 'n tiran beskou. Die Slang het sy listige aanval voortgesit:

> *maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Génesis 3:5*

Hierdie woorde het gesinspeel daarop dat God iets van die huweliks-paartjie weerhou; iets goeds wat tot hul positiewe ontwikkeling sou lei. Dit het bygedra tot verdere verdraaiing van hul siening van die karakter van God. Deur die leuen, dat hulle kan leef sonder 'n verbintenis met God, te glo, glo hulle ook dit is die rede waarom God hulle sou doodmaak as hulle ongehoorsaam is aan Hom – God wou nie gehad het dat hulle "soos God sal wees" nie.

Die verhaal gaan voort om te wys dat die leuens wat deur die Slang geopper is, die gewenste uitwerking gehad het om Eva te oortuig om die vrug te eet waarvan sy gevra is om nie te eet nie. Niks het gebeur nie – ongelooflik! Dit het gelyk of die Slang die waarheid gepraat het! Sy het nie dood neergeval soos wat sy gedink het nie. Die Hebreeus, die oorspronklike taal van die Ou Testament, gee diepere insig in die frase "die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." (Gen 2:17). Nog 'n moontlike vertaling hiervan is; "die dag dat jy daarvan eet, sal jy sterwend uiteindelik sterf." God het nooit aangedui dat hulle dood sou neerslaan as hulle van die vrug eet nie, maar dat die dag wat hulle daarvan eet, die onomkeerbare sterwensproses sal begin, wat uiteindelik tot die dood sou lei.

Eva het vrymoedig geraak omdat sy geen negatiewe gevolge van haar ongehoorsaamheid ervaar het nie en pluk nog ‘n vrug om aan haar man Adam te gee. Adam skrik geweldig groot toe hy sy vrou sien met die vrug in haar hand en haar woorde hoor dat sy reeds geëet het en steeds lewe. Adam glo dat God sy vrou sal straf en dat Hy haar lewe sal neem. Hy gaan deur ‘n groot stryd in sy gedagtes, omdat hy sy vrou so liefhet, maar hy het God ook lief. Volgens sy siening van die saak sal een van sy verhoudings beëindig word, en hy neem die besluit om die hele mensdom af te trek in die donkerste geskiedenis. Hy kies Eva bo God en eet die verbode vrug (Gen. 3:6).

Wat daarna gebeur is ‘n bekendmaking van God se kant aan die mens wie eintlik die bron van al die teleurstelling en ellende is. God kom na die paartjie en praat met hulle. Hulle het reeds tot die gevolgtrekking gekom dat God hulle sou laat doodmaak, dus het hulle weggekruip. God benader hulle sagkens met geduld, deur ‘n stel vrae, om aan Adam en Eva bekend te maak wat in hulle gedagtes gebeur het. Die rede vir hul vrees is die verkeerde siening van die karakter van God, want God het geen begeerte om hulle skade aan te doen nie. (Gen 3:7 – 11). God stel die vraag:

> *WIE het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? Génesis 3:11*

Adam se reaksie sny deur die hart van God:

> *“…Die vrou wat <u>U</u> gegee het om by my te wees, <u>SY</u> het my van die boom gegee, en ek het geëet.” Génesis 3:12 (klem bygevoeg)*

Stel jou voor hoe Eva se wêreld uitmekaar gespat het. Hoeveel pyn moes deur haar hart gesny het toe sy hierdie woorde van haar man gehoor het, “die vrou wat U my gegee het om by my te wees…” Wat het geword van die intimiteit? Hoe kan sy sin maak van die eerste woorde? (Verwysend na “been van my gebeente en vlees van my vlees.”) Sy was verpletter. Die woorde van Adam was deurtrek met leuens en bedrog. Kon sy enigiets glo

wat hy sê? Was dit alles leuens? Het hy haar ooit liefgehad? Deur die woorde van God in twyfel te trek, was daar nou wantroue in die huwelikspaar. Wat sou die toekomstige impak van Adam se woorde van selfverdediging (“die vrou wat U my gegee het om by my te wees…”) wees op sy vrou? Sou sy enigiets kon glo wat uit sy mond kom? Sou Adam homself kon vergewe dat hy basies sy vrou opgeoffer deur haar die sondebok te maak, om homself te probeer beskerm van skuld en vrees van die dood? ‘n Mens kan net dink in watter tipe verhouding hul kinders gebore is. Toe die eerste kinders, Kain en Abel, gebore is, het die wantroue tussen Adam en Eva ‘n rol gespeel in die karakters van die seuns en in alle toekomstige geslagte? Ek glo die Bybel gee die antwoord hiervoor:

> *Die HERE is lankmoedig en groot van goedertierenheid, wat die ongeregtigheid en oortreding vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie, wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag. Numeri 14:18*

Die Bybel dui aan dat God situasies laat uitspeel, waar dit partymaal ‘n paar geslagte neem om die skadelike impak van ons aksies en mislukkings te sien. Dit is sekerlik waar as ons in ag neem hoeveel keer ons soos Adam optree, selfs al is ons huidige omstandighede baie anders. Ons het ‘n natuur geërf wat baie anders is as God se karakter, wat nie verander nie (Maleági 3:6, Hebreërs 13:8). Adam en Eva se natuur is oorgeërf deur hul kinders en deur toekomstige geslagte.

God het egter ‘n oplossing belowe. As ek terugdink aan my eie opvoeding en die invloed daarvan op die ontwikkeling van my eie kinders, moet ek erken dat ek baie keer persoonlik verantwoordelik was vir verbreekte beloftes. As vaders en moeders staan ons in die plek van God vir ons kinders. Baie van ‘n kind se ontwikkeling en idees van God word ontwikkel rondom hul verhoudings met hul ouers. As ons nie vir Pa en Ma kan vertrou om beloftes na te kom nie, hoe kan ons God vertrou?

# Die Belofte van God

Toe Adam en Eva hul mislukking deur van die vrug van die boom van goed en kwaad te eet, aanskou het, was hul gedagtes gevul met verwarring, duisternis, waardeloosheid en hopeloosheid. Hulle is mislei deur die slang en deur die slang te glo, het hulle hom gekies as hul meester. God het hul lot geken en het 'n deur van hoop oopgemaak. God het 'n belofte gemaak dat Hy 'n Messias sou stuur wat die slang sou oorwin:

> *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt. Génesis 3:15.*

God het geweet dat die mensdom in 'n baie moeilike situasie verkeer het. Die slang se leuen het gemaak dat die mensdom die woord van God gewantrou het. Adam en Eva was verward. Wie het die waarheid vertel? God of die slang? God het belowe om vyandskap te stel tussen die "vrou" en die "slang." Wat beteken dit, om vyandskap te stel tussen die vrou en die slang? Wat versinnebeeld die vrou?

> *Die mooie en die verwénde … — die dogter van Sion. Jeremia 6:2*

> *En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n **vrou** wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre; … En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon. En die **vrou** het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank. Openbaring 12:1, 5,6*

*Want ek is jaloers oor julle met ‘n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as* ***‘n reine maagd*** *aan Christus voor te stel. 2 Korinthiërs 11:2*

*Want die man is die hoof van die* ***vrou,*** *soos Christus ook Hoof is van die* ***gemeente****; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Efésiërs 5:23*

*En die groot draak is neergewerp, die* ***ou slang*** *wat genoem word* ***duiwel*** *en* ***Satan,*** *wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. Openbaring 12:9*

*En hy het die draak gegryp die ou* ***slang*** *wat die* ***duiwel*** *en die* ***Satan*** *is en hy het hom gebind duisend jaar lank. Openbaring 20:2*

Die vrou versinnebeeld God se gemeente of sy mense. God het belowe dat hy vyanskap “sal stel” in die gedagtes van Sy mense teenoor die dinge van Satan. God sal binne die mens die vermoë plaas om “nee” te sê vir versoekings van die duiwel. Hierdie proses is ‘n reis vir elkeen in die menslike ras, om die beloftes van God te ondersoek, en om te reageer deur te glo dat die woord van God altyd betroubaar is en dat Hy altyd alles doen wat Hy sê. God het nie vir Adam en Eva gevra om hierdie vyandskap self na vore te bring nie. Hy het net gestel dat Hy, God, dit sou plaas in hulle. As ons hierdie beginsel verstaan, word dit duidelik dat ‘n afsku van die sonde ook as ‘n liefde vir God en die dinge van God uitgedruk kan word. Kyk gerus na die volgende tekste:

*Ons het Hom lief,* ***omdat*** *Hy ons eerste liefgehad het. 1 Johannes 4:19*

*Want* ***so lief*** *het God die wêreld gehad, dat* ***Hy sy eniggebore Seun gegee het****, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Johannes 3:16*

God het ons ‘n getuienis gegee van Sy groot liefde vir ons deurdat Hy Sy eniggebore Seun gegee het. Jesus is die sigbare uitdrukking van die Liefde van God aan hierdie wêreld. Maar wag, daar is meer…..

> *So was ons ook, toe ons kinders was, in **diensbaarheid** onder die eerste beginsels van die wêreld. Maar toe die volheid van die tyd gekom het, **het God sy Seun uitgestuur**, gebore uit ‘n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was {onder die veroordeling van die wet}, **los te koop**, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun <u>**in**</u> julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Galasiërs 4:3-6 {opmerking in hakies ingevoeg}*

Let op dat die gawe wat God aan die mensdom gegee het, nie bloot bestaan het uit die koms van Christus na die wêred nie, maar ook uit die koms van Christus in die hart. Paulus druk dit soos volg uit:

> *Ek is met Christus gekruisig, en **ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my**. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. Galasiërs 2:20*

Paulus verduidelik die belofte van God toe God aan Adam gesê het dat hy vyanskap sal STEL tussen die slang en die vrou… God se belofte hou steeds vandag stand, en Hy wil graag hierdie belofte waar maak in elke persoon op aarde. God vra nie dat ons enigiets op ons eie vermag nie. Om van ons enigiets goeds te verwag, is om ons tot mislukking te verdoem. Hier word ons geloof in die karakter van God noodsaaklik. Indien ek nie God en Sy Woord kan vertrou nie, sal sy beloftes min of geen impak maak, want dit is vir my maar net leë woorde. Net soos Eva se reaksie op Adam se woorde, net so sal die woorde van God geen gewig dra vir ons indien ons nie glo

dat Hy die bron is van elke goeie gawe en dat niks slegs van Hom af kom nie.

> ***Elke goeie gif en elke volmaakte gawe*** *daal van bo af neer, van die* ***Vader*** *van die ligte,* ***by wie daar geen verandering*** *of skaduwee van omkering is nie. Jakobus 1:17*

> *Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie. Maleági 3:6*

> *En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en* ***geen duisternis is in Hom nie****. 1 Johannes 1:5*

As God net goeie gawes gee en altyd Sy beloftes vervul aan die gewillige ontvanger (en God hoop dit sal die hele mensdom insluit), dink net hoe bedrieglik en diep verskans is die leuens van Satan in die gedagtes van die mens, om hulle sover te bring om die woorde van God in twyfel te trek.

> *Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het,* ***hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?*** *Romeine 8:32*

Hoe kan ons so 'n geloof in God hê as ons Hom van nature wantrou? Dit is nie moontlik vir die mens om so 'n geloof vorendag te bring nie. Ons moet na Jesus kyk vir 'n duidelike voorbeeld van wat geloof is sodat ons Sy geloof kan ontvang.

In Psalm 2:7 het Christus die Seun die verklaring van sy Vader verkondig dat Hy (Christus) uit Sy Vader voortgekom het:

> *Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. Psalm 2:7*

Die Bybel openbaar nie dat God enige "bewys gegee" het aan Sy Seun dat Hy wel van die Vader voortgekom het nie. Die woorde van waarheid van Sy Vader was genoeg vir Hom. Hy het Sy Vader se woorde geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. Dit is die geloofsverbond tussen God en Sy Seun. Jesus rus in die versekering van sy seunskap deur die woorde wat Sy Vader gespreek het. Die aard van hulle verhouding is sodanig dat Jesus nog nooit die woorde van Sy Vader in twyfel getrek het nie. Jesus het absolute geloof in elke woord van Sy Vader.

> *En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek—**net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek.** Johannes 12:50*

> *En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat **Ek altyd doen wat Hom welgevallig is**. Johannes 8:29*

> *En **sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag**; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek. Hebreërs 1:6*

Ons kan hierdie waarheid as vanselfsprekend aanvaar, want dit is die nuwe verbond. Jesus is ons voorbeeld van ware geloof. Aangesien Hy voortgekom het voordat daar enigiets was, is Hy die oorsprong van geloof, en daarom die oorsprong van die Nuwe Verbond. Jesus was die eerste om aan hierdie geloof uitdrukking te gee.

> *…die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. Hebreërs 12:2*

Jy sal oplet dat die meeste Bybels hierdie vers vertaal as "*van die geloof*" maar die oorspronklike Grieks sê "*van geloof*." Daarom vertel die vers ons dat Jesus die eerste is om geloof aan die dag te lê, en dit maak Hom die

Leidsman van geloof. Omdat Hy die Leidsman is, is Hy ook die een wat weet hoe om die geloof (Sy geloof) aan ons mee te deel, wat Hom die Voleinder van geloof maak.

> *…die geregtigheid [is] naamlik van God deur die **geloof in [van] Jesus Christus** vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie. Romeine 3:22* [die woord VAN is ingevul, volgens die King James Bible]

> *…terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur **die geloof in [van] Jesus Christus**, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit **die geloof in [van] Christus** en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie. Galasiërs 2:16* [die woord VAN is ingevul, volgens die King James Bible]

Sonder hierdie kosbare geloof van Jesus is ons nie in staat om die woorde van God te glo nie. Sonder Sy geloof in ons deur Sy Gees, sal ons aanhoudend die woorde en beloftes van God in twyfel trek. Hierdie is die Nuwe Verbond; Christus wat in ons woon deur Sy Gees, deur geloof in die Woord van God:

> *Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus. Galasiërs 4:4-7*

As ons glo in die persoon Jesus, kan ons Sy geloof ontvang; die geloof van Jesus wat ons versoen met God.

*Terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in [van] Jesus Christus, selfs **ons het in Christus Jesus geglo**, sodat ons **geregverdig kan word uit die geloof in[van] Christus** en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie. Galasiërs 2:16 [die woord VAN is ingevul, volgens die King James Bible]*

Hierdie beweging vanaf 'n geloof in onsself en wantroue in God na 'n wantroue in onsself en 'n geloof in God alleen, is die pad van die Ou Verbond na die Nuwe Verbond. Dit word blootgelê in die lewe van Abraham, die Vader van die getroues. Abraham wys ons hoe die twee verbonde werk om ons tot volmaakte geloof in God te bring.

## Die Mens se Reaksie op die Belofte van God

*En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En **Ek sal jou 'n groot nasie maak** en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. Génesis 12:1-3*

Toe God hierdie woorde aan Abram gespreek het, het die man nog steeds geen erfgenaam gehad nie (Gen 15:3). God het hom gevra om sy eie land te verlaat en sy vrou te neem, saam met addisionele familielede, en om te trek na 'n land wat God hulle sal wys. Die Bybel sê dat Abram op daardie stadium 75 jaar oud was (Gen.12:4). Ek het al vriende gehad wat nie kinders kon hê nie. Ek het die hartseer in die gesig my vriend se vrou gesien as sy die vreugde van ander moeders sien wat hul kindertjies hanteer. Ek het die verdriet in my vriend gesien terwyl hy probeer om sy

vrou te vertroos. So baie vrae gaan deur die gemoed van ‘n paartjie wat nie kinders kan hê nie. Wat het ek gedoen om dit te verdien? Het ons iets verkeerd gedoen? Daar is baie druk in ‘n familie met hierdie las. Sarai moes, sonder twyfel, gesukkel het met gevoelens van waardeloosheid. Sou Sarai se onsekerhede ook ‘n invloed hê op Abram? Let op na Abram se reaksie as God met hom praat:

> *Ná hierdie dinge het die woord van die HERE tot Abram gekom in ‘n gesig en gesê: Vrees nie, Abram, Ek is vir jou ‘n skild en jou loon is baie groot.* ***Toe vra Abram****: Here HERE,* ***wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan*** *en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is?* ***Verder het Abram gesê: Aan my het U geen nageslag gegee nie****; so sal dan die bediende van my huis my erfgenaam wees. Toe kom die woord van die HERE tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees. Génesis 15:1-4*

Is dit moontlik dat ons in Abram se reaksie kan sien hoe hy versoek word om God se beloftes te wantrou? “Here, U het gesê dat U my ‘n GROOT nasie sal maak en ek het dan nie eens een erfgenaam nie!” Is dit moontlik dat Abram twyfel? Die sigbare bewyse voor Abram het aangedui dat die belofte van God nie nagekom word nie. Natuurlik het God nie aangedui dat Hy dieselfde dag van Abram ‘n groot nasie sal maak nie, maar, soos ons almal maar is, lyk dit of geduld nie deel van ons sondige natuur is nie. Die Here herhaal aan Abram dat sy erfgenaam uit sy eie liggaam sal voortkom. Deur hierdie verduideliking aan Abram het God natuurlik vir Sarai ingesluit, want God het die huwelik ingestel en gesê:

> *Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En* ***hulle sal een vlees wees****. Génesis 2:24*

Sarai word gereken as deel van Abram se vlees en daarom moes die belofte haar insluit, omdat sy sy enigste vrou was. Daar sou geen

erfgenaam wees vir die beloofde koninkryk buiten ‘n seun van Abram se eie vlees nie. Abram is uitgenooi, deur hierdie woorde, om te glo wat God gesê het en dat dit letterlik opgeneem moet word, en nie figuurlik nie. Abram is uitgenooi na ‘n posisie waar sy verhouding van geloof met God teruggebring word in die voorgrond. Die seun van Abram sou ‘n wonderwerk wees wat ‘n geloof in die beloftes van God om hom ‘n seun te gee, vereis het.

> *Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde:* ***Kyk nou op na die hemel en tel die sterre*** *as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom:* ***So sal jou nageslag wees****. En* ***hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken****. Génesis 15:5-6*

Geregtigheid is aan Abram toegereken omdat hy die belofte van God, om sy nageslag soveel soos die sterre van die hemel te maak, geglo het, selfs al het hy nie ‘n enkele erfgenaam gehad nie. Hoe het Sarai gereageer? Het sy dieselfde ondervinding gehad?

> *Maar Sarai, die vrou van Abram, het vir hom geen kinders gebaar nie; en sy het ‘n Egiptiese slavin gehad met die naam van Hagar. En Sarai het vir Abram gesê: Jy weet,* ***die HERE het my nie toegelaat om moeder te word nie****. Gaan tog in by my slavin; miskien sal ek uit haar gebou word. En Abram het na Sarai geluister. Génesis 16:1-2*

Sarai kom tot die gevolgtrekking dat dit reeds 10 jaar is sedert God die belofte gemaak het, en steeds het niks gebeur nie. Miskien het God bietjie hulp nodig. Sarai se verdriet is op ‘n dieper vlak, wat haar eie verhouding met God raak. Sy beskuldig God dat Hy “my nie toegelaat het om moeder te word nie.” Is dit waar? Het God haar onvrugbaar gemaak? As sy gedink het dat God dit aan haar gedoen het, sal sy God kan vertrou as Hy ‘n belofte maak?

Op hierdie punt sal dit wys wees om te onthou dat ‘n vrou in haar gemoed kwesbaar word as sy nie kinders kan hê nie. Dit kan gekoppel word aan die ondervinding van Sarai toe sy in die harem van die Farao in Egipte opgeneem is, deur ‘n leuen van Abraham toe hy Farao vertel het dat Sarai sy suster was (Gen.12:12,13). Dit is ‘n gevoel van waardeloosheid wat Sarai dryf en in haar desperaatheid praat sy met Abram.

Hierna stel sy voor dat haar man slaap saam met haar diensmeisie Hagar, met die idee dat dit die belofte van God “tegnies” sal vervul. Let op dat God gesê het “*die een wat uit* ***jou*** *liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees.*” Sarai het gedink dat sy nie deel is van die belofte nie en dat Hagar die een kan wees wat ‘n kind namens haar baar; daarmee “help” sy God om “Sy beloftes te vervul.”

Abram het die woorde van God gehoor, Sy beloftes van goeie dinge in die toekoms, maar nou kom daar woorde van sy vrou wat ‘n nuwe manier aanbied om die beloftes van God waar te maak. Hierdie alternatiewe manier sou nie geskoei wees op geloof nie, maar eerder op ‘n manier waarop die beloftes van God waar gemaak word deur die werke van die mens. Abram volg die raad van sy vrou en slaap met Hagar, wie swanger word. Dit word duidelik dat die probleem om swanger te word by Sarai lê, en nie by Abram nie.

Hagar, wat nou swanger is, voel dat sy beter as Sarai doen en tree minagtend teenoor Sarai op. Die huislike atmosfeer word negatief gelaai met twee vroue wat in stryd is om die aandag van een man. Sarai kom agter dat haar idee glad nie ‘n goeie idee was nie. Haar plan om God te “help” het nie gewerk nie. Sarai hou haar man verantwoordelik vir die huislike probleme:

> *En hy het by Hagar ingegaan, en sy het swanger geword. Maar toe sy sien dat sy swanger was, het haar meesteres veragtelik in haar oë geword. En Sarai sê vir Abram:* ***Die onreg my aangedoen, is op jou****! Ek self het my slavin in jou skoot gegee, en nou dat sy sien dat sy*

*swanger is, het ek veragtelik in haar oë geword.* ***Laat die HERE oordeel tussen my en jou****.* *Génesis 16:4,5*

Omdat Abram die hoof van sy huis is, rus die verantwoordelikheid vir die besluit omtrent ‘n tweede vrou op sy skouers. Die vrede en geluk in die gesin is vernietig as gevolg van hul pogings om die beloftes van God waar te maak op hul eie manier. Hulle het nie gewag op die Here vir die vervulling van die belofte nie. Dit het Abram hartseer gemaak om die twis in sy eie huis aan te hoor. Abram het Sarai die gesag gegee om te doen met Hagar soos wat sy goeddink. Sarai het Hagar sleg behandel en Hagar het gevlug (Gen 16:6). Kan jy jou die harsteer voorstel in Abram, Sarai en Hagar? Wat so belowend gelyk het vir Abram en Sarai, het nou openbaar hoe dwaas dit is om dinge uit God se hande te neem.

Hagar het geboorte geskenk aan Ismael to Abram 86 jaar oud was (Gen. 16:16). Dit was omtrent 10 jaar nadat die eerste belofte van ‘n erfgenaam aan Abram gemaak is. Dit is ‘n uitdaging om vir 10 jaar te wag vir die uitkoms van ‘n belofte van God. God moes toelaat dat Abram insien dat sy eie plan om God te “help” nie binne God se plan was nie; inteendeel, dit het pyn en hartseer gebring. Abram moes nou in ‘n verdeelde huis woon terwyl Ismael grootword met die idee dat hy die erfgenaam van die koninkryk is. Hierdie situasie het hul ongeloof openbaar; asook die pyn wat ongeloof veroorsaak. Dit is ‘n voorbeeld van ‘n lewe in die Ou Verbond, wat die beloftes van God self probeer vervul, wat net pyn en hartseer bring. God het Abram hierdeur onderrig. God het weer aan Abram verskyn en het weer sy belofte van ‘n erfgenaam herhaal, en het uitgestip dat die beloofde erfgenaam deur Sarai gebore sal word:

> ***Toe Abram nege en negentig jaar oud was****, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees. Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want* ***Ek maak jou ‘n vader van ‘n menigte van nasies****. Verder het God aan Abraham gesê: Sarai, jou vrou, moet jy nie Sarai noem nie, maar haar naam sal Sara wees. En* ***Ek sal haar seën***

> ***en jou uit haar ook ‘n seun gee****; ja, Ek sal haar seën, sodat sy tot nasies sal word; konings van volke sal uit haar voortkom. Génesis 17:1, 5, 15, 16*

Die Bybelverhaal wys dat God se belofte uiteindelik waar gemaak is, net soos God belowe het:

> *En die HERE het Sara besoek soos Hy beloof het; en die HERE het aan Sara gedoen soos Hy gespreek het: Sara het bevrug geword en vir Abraham in sy ouderdom ‘n seun gebaar op die bepaalde tyd wat God genoem het. En Abraham het sy seun wat vir hom gebore is, wat Sara vir hom gebaar het, Isak genoem. Génesis 21:1-3*

Die seun van die belofte het uiteindelik opgedaag met ‘n pragtige wonderwerk. Hierdie kind is verwek deur die geloof van Christus uit Abram se swak en hulpelose geloof. Sara was te oud om menslikerwys kinders te kon hê en Abraham was 100 jaar oud. Dink net, daar word groot genade hier geopenbaar. God het steeds sy belofte vervul, selfs nadat Abraham misluk het om geloof te openbaar teenoor God oor die belofte wat God hom gegee het. In die hele proses het Abraham die swakheid van sy eie geloof leer ken en met die hulp van Christus het Abraham die geloof van Christus opgeneem.

Op daardie stadium was daar twee seuns in die huis: die seun van Hagar, die eersgeborene, en die seun van Sara, wat daarna gebore is. Al was Isak tweede gebore, was hy die seun van die belofte wat God gemaak het in Gen 12:2.

Toe Isak groter geword het en gespeen is van sy moeder, het Abraham ‘n groot maaltyd berei om die geleentheid te vier. Sara moes toekyk terwyl Ismael dit bespot het. Ismael was nie haar seun nie, selfs as was hy die kind verwek deur ‘n ander vrou, as gevolg van haar eie planne en begeerte om ‘n kind te hê. Sy sou nie toelaat dat Ismael ‘n mededinger word in haar seun se erfenis nie. Sy wou Hagar en Ismael nie by haar hê nie. As hulle nie

meer deel is van die huishouding nie, sou sy nie die vrees dra dat haar seun sy erfenis van Abraham, en alles wat dit behels, dalk moet opgee nie.

Sy het geëis dat Abraham vir Hagar en Ismael wegstuur. Kan jy jou indink hoe Abraham moes gevoel het? Ismael was steeds Abraham se seun, sy eersgeborene, al was hy nie Sara se seun nie. Dit moes die hart van Abraham gebreek het om sy eersgeborene te verloor:

> *… en sy sê aan Abraham: Jaag hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erwe nie. En die woord was baie verkeerd in die oë van Abraham vanweë sy seun. Génesis 21:10,11*

Wat 'n hartverskeurende ondervinding. As Abraham op die Here gewag het, sou al hierdie pyn en hartseer nie in sy lewe wees nie. Dink net hoe lank dit geneem het om hierdie belofte waar te maak. Dit het 25 jaar geneem – vandat Abrahm 75 jaar oud was, totdat hy 100 jaar oud was. Vyf en twintig jaar is lank om te wag vir 'n belofte. Maar die gevolge van Abraham se ongeloof, deurdat hy God se beloftes probeer nakom deur die werke van die vlees, deurdat hy Hagar geneem het, al was sy nie sy vrou nie, het aan Abraham lewenslange verdriet gebring. Die storie bring 'n hartseer maar waardevolle les. Soveel sou met vrede en vreugde geoes word indien God toegelaat is om Sy beloftes te vervul op Sy eie tyd.

Hoekom het Abraham nie maar net gewag op God om Sy beloftes te vervul nie? Dit openbaar Abraham se ongeloof. Indien ons gevra word om so lank te wag vir die vervulling van 'n belofte, sou ons onsself in 'n soortgelyke situasie bevind. Hierdie is 'n baie belangrike punt in die lewensverhaal van Abraham. Laat ons sien hoe die gebeure van Abraham se vroue, Sara en Hagar, direk op ons van toepassing is.

## Die Belofte van ons Erfenis

Toe God die land Kanaän beloof het, het Hy dit belowe aan al die geslagte en families wat deur Abraham geseën sou word.

> *En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie;* ***dat hy die vader sou wees van almal wat glo*** *terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word;* ***en ook 'n vader van die besnydenis vir die wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar ook wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham*** *toe hy onbesnede was. Want* ***die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees****, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof. Romeine 4:11-13*

> *Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees en die* ***belofte kan vasstaan vir die hele nageslag****; nie alleen vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van Abraham is,* ***die vader van ons almal****… Romeine 4:16*

> *Maar dit is nie alleen om sy ontwil geskrywe dat dit hom toegereken is nie,* ***maar ook om ons ontwil aan wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom wat Jesus, onse Here, uit die dode opgewek het****. Romeine 4:23,24*

Abraham sal uiteindelik hierdie land, wat hy nooit persoonlik ontvang het gedurende sy leeftyd nie (Hand 7:5), saam met die getroues ontvang op die nuwe aarde. Om dit te ontvang, moes Abraham in 'n verhouding met God tree wat gebaseer was op geloof en nie op werke nie. Dieselfde geld vir ons. Ons is gewoond daaraan om opdragte te ontvang wat ons probeer uitvoer in ons eie krag en met ons eie deursettingsvermoë (ons maak staat

op onsself). God nooi ons in ‘n verhouding met Hom waarin ons totaal op Hom staatmaak. Dit is ‘n kwesbare posisie. Om totaal op iemand anders staat te maak, is iets waarmee ons gewoonlik nie gemaklik is nie. Dis in ons natuur om dankbaar te wees as iemand anders iets vir ons doen, maar ons wil nie ons afhanklikheid van iets of iemand anders erken en daardeur onderdanig wees aan gesag nie.

Kyk na wat die apostel Paulus skryf in Galasiërs 4 van die verhaal van Abraham:

> *Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, luister julle nie na die wet nie? Want daar is geskrywe **dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye**. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. Dit is sinnebeelde, want **dié vroue staan vir twee verbonde**: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar; want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny. Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal. Galasiërs 4:21-26*

Paulus verduidelik dat die twee seuns van Abraham twee verbonde verteenwoordig, wat in homself in stryd teen mekaar staan.

> *want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar [want hulle is mekaar se vyande – NLV], sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Galasiërs 5:17*

Die natuurlike gees van onafhanklikheid in Abraham was in stryd met die Gees van Christus wat na Abraham gekom het toe hy aanvanklik aan God gehoorsaam was en sy land verlaat het.

Abraham het 'n belofte van God ontvang deur die Gees van Christus, en deur sy geloof is daar geregtigheid aan hom toegereken, want hy het bloot die woorde van die belofte geglo. Na 'n ruk het hy begin wankel in die geloof wat aan hom gegee is. Hy het oorgegee aan sy vlees deur te luister na Sarai se voorstelle om 'n ander vrou te neem en om die kind van die belofte te ontvang deur 'n ander manier as wat God aangedui het. Dit was 'n daad van ongeloof en word uitgedruk as 'n daad uit die "ou verbond." Paulus verbind hierdie daad met Israel by die berg Sinai. By Sinai het God deur Moses met die mense gepraat oor al die dinge wat Hy vir hulle sou doen:

> *En hy het die boek van die verbond geneem en dit voor die ore van die volk gelees. En hulle het gesê:* ***Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister [daaraan gehoorsaam wees*** *– 1983 vertaling**]**. Toe neem Moses die bloed en gooi dit uit op die volk en sê:* ***Dit is die bloed van die verbond wat die HERE met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde****. Exodus 24:7,8*

Ons sien geen bewys van die mense se reaksie met 'n dankbare "Amen" by die aanhoor van die woorde van die Here nie. In stede daarvan maak hulle hul eie onafhanklike belofte waarmee hulle probeer om God se beloftes op hul eie te vervul. Die hele nasie Israel maak hierdie belofte, en gee geen aanduiding van 'n moontlike fout aan hulle kant met hierdie belofte nie. Hulle sien nie hul eie sonde en onvermoë nie; hulle sien nie hul diep behoefte aan God omdat hulle dit nie op hul eie kan doen nie. Daar is geen genade solank as wat ons dink ons kan die wet op ons eie gehoorsaam nie, want ons voel nie ons behoefte aan redding nie. In die ou verbond is daar geen voorsiening vir sonde nie. In die ou verbond is daar net mislukking en dood, totdat ons ons behoefte raaksien en 'n beroep doen op ons Verlosser wat ons toegang bied tot die nuwe verbond. Die Bybel sê:

> *En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe en ek het*

> *gesterwe. En* ***die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees****. Romeine 7:9,10*

God wil graag sy eie beloftes in ons vervul, maar ons tree tussenbeide in hierdie proses wanneer ons weer beheer neem van ons lewens. Dit lei ons weg van God af en daarom weg van die lewe. Dit is die rede hoekom ‘n lewe volgens ons eie idees net hartseer en verwoesting bring. Daar word in die Bybel verwys na ‘n lewe volgens ons eie idee as die “vleeslike lewe” of “sondige natuur.” Let op wat die apostel Paulus sê:

> *Het die goeie dan vir my die dood geword? Nee, stellig nie! Maar wel* ***die sonde****, dat dit kon blyk sonde te wees,* ***omdat dit deur die goeie vir my die dood bewerk,*** *sodat die sonde deur die gebod uitermate sondig kon word. Want ons weet dat die wet geestelik is,* ***maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.*** *Romeine 7:13, 14*

Dus is daar ‘n geestelike ondervinding en ‘n vleeslike ondervinding. Die geestelike ondervinding is om God op Sy woord te neem as Hy iets aan ons belowe het, dat Hy dit sal vervul. Die vleeslike ondervinding is die ondervinding waarin ons alles op ons eie manier doen; dit is die ondervinding waarin ons God en Sy beloftes wantrou; ons soek tekens om dit te bevestig en probeer om dit te vervul volgens ons eie beperkte insigte. Paulus verwys in Galasiërs 4 na die geestelike ondervinding as die “nuwe verbond” en hy verwys na die vleeslike ondervinding as die “ou verbond.”

As ons dit in verband bring met Abraham, sien ons dat die kinders wat hy by die twee vroue (Sara en Hagar) gehad het, gebaseer is op een belofte van God aan Abraham. Daarom is die twee kinders, naamlik Ismael en Isak, die sigbare uitdrukking van twee ondervindings wat Abraham gehad het. Een ondervinding is gebaseer op werke van die mens; dit is die verhouding met Hagar, wat Ismael voortgebring het. Die ander ondervinding was gebaseer op wat onmoontlik is vir die mens en die wonderwerk van God waar sy woord wat Hy beloof het, vervul is. Dit word voorgestel deur sy verhouding met Sara, wat Isak, die seun van die belofte, voortgebring het.

Dit is belangrik om te sien dat die twee verbonde in een man se lewe uitspeel. Die verbonde stel nie twee eras voor wat elkeen oor 'n lang tydperk duur nie. As ons die lewe van Abraham studeer, sien ons dat sy gewilligheid om die beloftes van God te aanvaar, 'n uitdrukking is van sy gewilligheid om in die nuwe verbond in te gaan, waarna hy uitgenooi word. Toe Abraham hierdie uitnodiging verwerp het, het hy openbaar wat in die hart van die mens is, naamlik die rebelse begeerte om alles self te doen. Die lewe van Abraham dui aan dat hierdie proses baie keer herhaal word in die mens. Dit is omdat die ou verbond die uitdrukking is van die sondige hart van die natuurlike mens. God laat toe dat dit gebruik word om ons te wys wie ons werklik is, want die natuurlike mens het nie die vermoë om aan God gehoorsaam te wees nie. Dit is wanneer ons onsself sien – soos ons werklik is – wanneer ons oorweldig word deur mislukkings met 'n verwagting dat God ons sal veroordeel, dat Hy sy genade aan ons kan openbaar en aan ons die uitnodiging rig om Sy belofte van verlossing te ontvang. Elke daad van eie wil en selfsug is 'n sigbare uitdrukking van die ou verbond. Daarom, die kere wat Abraham "in die Here geglo het" en "Hy hom dit tot geregtigheid gereken het," is die kere wat hy sy menslike swakheid erken het en aanvaar het dat God sy beloftes sal nakom, in die geloof van Jesus, wat die nuwe verbond is. Wat is dan die implikasies daarvan vir ons om hierdie informasie te oordink? Is daar aan ons 'n belofte gegee?

# Die Nuwe Verbond

Die Bybel vertel van die belofte van God om in Sy rus in te gaan, wat aan ons nagelaat is. Die woord "rus" dra aan ons die betekenis oor dat ons kan ophou om te probeer om hierdie belofte op ons eie te vervul, en dat ons eerder ons vertroue op God kan plaas dat Hy hierdie belofte aan ons sal nakom, deur ons gewillige toestemming. Let op na die volgende teks:

> *..omdat daar gesê word: Vandag* ***as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie*** *soos in die verbittering nie. Wie was dit dan wat gehoor het en Hom verbitter het? Was*

*dit nie almal wat onder leiding van Moses uit Egipte gegaan het nie? En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie? En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames? En* ***ons sien dat hulle <u>deur ongeloof</u> nie kon ingaan nie****. Laat ons dan vrees dat, terwyl* ***die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou****, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.* ***Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle****; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie,* ***omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.*** *Hebreers 3:15 – 4:2*

As ons die woord van God glo en Hom toelaat om Sy beloftes te vervul, dan gaan ons Sy rus binne. Ons bekommer ons nie oor hoe ONS dit gaan doen nie, maar ons vertrou volkome op Hom, die Getroue. Wat is die belofte wat Hy ons gegee het?

*Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE:* ***Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees****. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE;* ***want hulle sal My almal ken****, klein en groot onder hulle, spreek die HERE;* ***want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie****. Jeremia 31:33,34*

Hierdie wonderlike verbond, die nuwe verbond, is 'n belofte om in ons iets na vore te bring wat vir ons, op ons eie, onmoontlik is. Dit is die belofte van 'n volmaakte karakter. God het belowe dat Hy dit sal doen. As ons probeer om ons karakter te vervolmaak deur ons eie insig en krag, sal ons oor en oor misluk. Elke keer wat ons misluk, openbaar ons die ou verbond wat aan ons ons sonde wys, en wat pyn, hartseer en dood bring deur ons

ou natuur. Daardeur word ons aangemoedig om aan die nuwe verbond vas te hou wat deur geloof verwerklik word, net soos vir Abraham. Beide die Ou en Nuwe ondervinding werk terselfdertyd in ons, totdat ons uiteindelik ons onafhanklikheid prysgee. Dan gooi ons die slavin van die ou natuur af en kan ons volkome rus vind in die nuwe verbond.

Dit word deur sommige veronderstel dat, indien jy een keer die nuwe verbond betree het, kan jy nie terugval in die ou verbond nie. Indien jy wel ondervind dat jy ‘n ou verbond ondervinding gehad het, dui dit dat jy nooit in die eerste plek ‘n nuwe verbond ondervinding gehad het nie. Ons kan uit die lewensverhaal van Abraham sien dat hierdie aanname nie waar is nie. Abraham het God geglo en het die gawe van Christus se geregtigheid ontvang, net om homself later in ‘n posisie te vind waar hy die beloftes van God gewantrou het, met die gevolglike ou verbond ondervinding.

Partykeer word ‘n belofte van God by ons ingeprent, sodat ons dit ten volle glo, en met die hele hart vertroue plaas in die saak dat dit vervul sal word. Maar soos die tyd verbygaan en ons omstandighede verander, word ons onder druk geplaas deur eksterne faktore; vrees en ongeloof kan intree, en ons geloof begin wankel. Dit is wat met Abraham gebeur het, en wat met ons gebeur. Daar was ‘n tyd toe beide die vroue Sara en Hagar by Abraham gebly het, toe hy tussen twee gedagtes gehink het, toe hy heen en weer beweeg het tussen die twee tipes verbondsondervindings. Dit is dieselfde vir elke mens, wat ook “wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham.” (Romeine 4:2)

Die twee verbonde openbaar hoe en wat die mens se karater en dié van God werklik is. God verander nooit, en daarom is die beloftes van God in beide ondervindings dieselfde. Die mens, in sy gevalle natuur, het ‘n weifelende karakter; hy is die een wat verander en die keuses wat hy maak, bepaal sy ondervinding – nuwe of ou verbond. Die mens, deur sy gevalle en misleide natuur, saam met Satan, het ‘n natuurlike tendens om self dinge te doen en nie op God te vertrou nie. Dit waarborg dat die mens altyd ‘n ou verbond ondervinding sal hê aan die begin van sy verhouding met God. Wanneer die mens ‘n beter insig van God bekom, wanneer sy ondervinding met God verdiep en duideliker word, sal hy die nuwe verbond begin ondervind. Ons sien dus dat die ou verbond lei tot die nuwe

verbond, nie omdat dit die wil van God is nie, maar omdat die mens se gemoed altyd aanvanklik in verwarring en onkunde oor sy verhouding met God is.

Wanneer ons ons vertroue in God se beloftes plaas, dat Hy dit sal vervul soos wat Hy beloof het, sal ons ware rus vind, want ons sal ons nie bekommer oor hoe hierdie beloftes vervul sal word nie. Ons sal glo dat wat God gesê het, sal Hy doen.

> *En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en **was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het.** Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken.*
> *Romeine 4:20-22*
>
> *En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie? En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames? En ons sien dat hulle **deur ongeloof** nie kon ingaan nie. Hebreërs 3:17 – 19.*

Die verbonde is 'n pragtige openbaring hoe God 'n mens bring vanaf ongeloof tot 'n verhouding van intieme geloof in Sy beloftes, en om uiteindelik hierdie beloftes tot vervulling te sien gaan, wanneer alle dinge vervul sal word deur die woord van die Here.

Ek hoop dat hierdie oordenking vir jou tot voordeel strek, soos wat jy hierdie dinge deurdink om insig te verkry omtrent die moeite wat God bereid is om te doen om elkeen van sy kinders te red van sonde en die loon van die sonde.

Laat ons nie bevrees word as ons foute maak en struikel nie, maar laat ons insien dat ons steeds probeer om God se beloftes op ons eie te vervul.

God laat ons nie in die steek wanneer ons struikel nie. Sy nuwe verbond staan steeds en is steeds waar. Indien ons tydens ons mislukkings nederig ons foute erken, en vertrou op die Here se genade en vergifnis, sal ons nader en nader aan die karakter van God kom, want ons sal nie op onsself vertrou nie, maar meer en meer op God vertrou om sy beloftes wat Hy gemaak het, te vervul.

> *Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword. Romeine 5:20*

Wanneer jy misluk, is daar genade in die Nuwe Verbond beskikbaar, in die plek van jou mislukking, sodat jy vorentoe kan beweeg in geloof. Jou mislukkings kan jou help om meer op God te vertrou. Dit is nie dat God wil hê dat ons moet misluk nie, maar Hy ken ons onafhanklike gemoedere en dat dit die pad is wat ons moet loop tot volmaakte geloof.

Laat ons in die voetstappe van ons vader Abraham volg en oorwin soos wat hy oorwin het en rus in die beloftes van God.

# Reis van Geloof

Insig in die onderwerp van die twee verbonde is ‘n integrale deel van ons insig in die evangelie sodat ons die Skrif in die regte raamwerk plaas. Hierdie boekie gee ‘n eenvoudige oorsig op hierdie onderwerp; dit gee die leser die mees belangrike elemente om hierdie onderwerp te verstaan.

Daar is baie verwarring omtrent die onderwerp van die verbonde, as gevolg van misverstande wat baie eeue gelede binne die Christendom plaasgevind het.

Die eenvoud van die verbonde vind uitdrukking in die lewe van Abraham en dit is was Paulus verduidelik in die brief aan die Galasiërs.

*Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde… Galasiërs 4:22-24*

Mag jou reis van geloof geseënd wees terwyl jy hierdie boekie lees…